Leipie Nuus

29 OKTOBER – 2 NOVEMBER 2018 **Nommer 30/2018**

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 29 Oktober
Rugby: 7's oefening vanaf 14:00-15:00
Gholf: Liga
Foto: Gr 6 Akademiese Top 10
Kultuurweek

Di 30 Oktober
Rugby: 7's oefening vanaf 14:00-15:00
Foto: SA en provinsiale kleure. Kom asb met spanklere skooltoe
Kultuurweek

Wo 31 Oktober
Jnr koor: Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor: Afsluiting 14:00-15:00
Slagorkes: Oefening vanaf 13:45-14:30 (musiekklas)
Vergadering: Algemene jaarvergadering om 18:00. Parkering op rugbyveld
Feesmuur: Verf van feesmuur. Registreer asb by bemarking@louisleipoldt.co.za
Kultuurweek

Do 1 November
Rugby: 7's oefening vanaf 14:00-15:00
Meriete: Kultuur merietefunksie Gr 1-7 om 18:00
Kultuurweek

Vr 2 November
Rugby: 7's wedstryde te Tuine
Netbal: *Fast Five* o/12, o/13 te AFFIES
Uitstappie: Gr 1 uitstappie - Diereplaas
Kultuurweek

Sa 3 November
Netbal: *Fast Five* o/12, o/13 te AFFIES

UIT DIE KANTOOR:
Leerders word aangemoedig om met erns met die akademie besig te wees.
Die eksamen vir Gr 4-7 begin 12 November. Grondslagfase assessering duur die hele kwartaal.
Indien 'n leerder afwesig is moet 'n afwesigheidsbrief/doktersbrief skooltoe gestuur word. Leerders wat sonder bogenoemde bewys afwesig is kry 'n 0 punt vir assessering. Vraestelle kan dan ook nie op 'n later datum geskryf word nie.
Grondslagfase assessering duur die hele kwartaal en leerders moet asb elke dag skool bywoon. Indien 'n leerder sonder verskoning afwesig is word daar nie 'n assesseringspunt gegee nie.
Neem kennis dat die skool **vanaf 12 November om 12:00 uitkom vir alle leerders tot die einde van die kwartaal.** Ouers moet asb seker maak leerders weet waarheen om te gaan 12:00 en wie hulle kom afhaal. Ons kinders se veiligheid is vir ons baie belangrik. Leerders kan nie saam met ander ouers huistoe gaan om te gaan kuier as die ouers nie daarvan weet nie. Wagklas tot 13:40. **Alle** leerders **moet** in die wagklas vir ouers wag as hulle nie 12:00 afgehaal word nie. **Geen leerder mag op die terrein of by hekke vir ouers wag nie.** Naskole kom haal leerders 12:00. Indien die naskool hulle nie om 12:00 kry nie, sal hulle wagklas toe gaan en dan daar afgehaal word.

Algemene jaarvergadering vind plaas op 31 Oktober waartydens die 2019 begroting goedgekeur moet word. Indien ons 'n kworum bereik, kan alle leerders Vrydag 2 November gewone klere aantrek skooltoe.

MARKDAG/REÜNIE 27 OKTOBER 2018
Registreer 'n stalletjie vir Saterdag 27 Oktober van 09:00 tot 14:00. Kom kyk by ons Mark - tweedehandse items en meer. Kinderplasie en springkasteel.
Reünie - alle oud Leipies onderwysers en Voortrekkers. 15:00 tot 20:00

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Centurion Kunstefees:
Mika Victor- Gedramatiseerde poësie voordrag A+, Voordrag A.
Solosang – Zané Cloete- ligte liedjie A,
Jade v Huyssteen- ligte liedjie A++, musiekblyspel liedjie A+, Daniëlle Hatting- rolprent liedjie A, wenner van die Rising Stars kompetisie,
Nina Strydom- ligte liedjie A++ en kategorie wenner, rolprent liedjie A++ en kategorie wenner, musiekblyspel liedjie A++, gospel solo A++,
Kaéden Bezuidenhout- ligte liedjies A+, Lourens Nel- ligte liedjie A, Lisa Traut- rolprent/film liedjie B+, Delia Cloete- ligte liedjie A++, Venice-Jade Coetzee- rolprent/film liedjie A++, Marelie v/d Merwe- rolprent/film liedjie A, Nia Postma- rolprent/film liedjie A++, Henrico Potgieter- ligte liedjie A+, Gr 6 sanggroepie (Nia Postma, Marelie v/d Merwe, Venice-Jade Coetzee) rolprent/film liedjie A+.
Dans: Mika Victor- Modern Dancing International Fine Arts Association Internasionale kampioenskappe – SA Finale 91%. Kwalifiseer vir internasionale kampioenskappe.
Akademiese Top 10:
Gr5: Tanya Jansen v Rensburg, Carla Venter, Shané Noppé, Elmi Pretorius, Wiann Gous, Inke Janse van Rensburg, Zachary Boonzaaier, Johnathan De Clerk, Christine Nortje, Jade v Huyssteen.
Gr6: Shanike Jordaan, Josua Markram, Luché Steyn, Wouter Kielblock, Zoe Beeslaar, Erika Skea, Nicci Louw, Gideon Markram, Marli Joubert, Adam Labuschagne.
Gr7: Mia v/d Heever, Deo-moré Beukes, Emma Viljoen, Mieke Badenhorst, Jean-Mari Riekert, Lourens Nel, Margot Barnard, Danike Korf, Sherita Liebenberg, Estmari Fourie.

BELANGRIKE DATUMS:
27 Oktober: Louis Leipoldt Alumni Reünie 15:00-20:00
29 Oktober - 2 November: Kultuurweek
31 Oktober: Algemene jaarvergadering 18:00
1 November: Snr koor optrede – kultuuraand

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Die eerste kateder is sowat 50 jaar gelede in gebruik geneem. Dit was uit hout gemaak met 'n geverfde skoolwapen op. In 1993 skenk die Gr7 groep vir ons 'n kateder met 'n pragtige houtgekerfde skoolwapen op.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103
(skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Ons is oop tot 20 Desember 2018 asook die volgende Saterdae: 1, 8 en 15 Desember.

Tye vir Januarie 2019:
Donderdag - 3/1 = 13:30 - 17:30
Vrydag - 4/1 = 9:00 - 13:00
Saterdag - 5/1 = 9:00 - 13:00
Maandag - 7/1 = 9:00 - 17:30
Dinsdag - 8/1 = 9:00 - 17:30

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

SKOOLVERLATERS:
Ouers moet asb die skool vroegtydig in kennis stel indien leerders die skool verlaat. Daar is 'n prosedure wat gevolg word, en sal ook so aan ouers verduidelik word. Dit vermoeilik ons administrasie proses indien leerders sonder enige vooraf kennis die skool verlaat.

ADVERTENSIEGELEENTHEID:
Ramkietjie November 2018.
Volkleur agterblad @ R400.
Visitekaartjie grootte ook beskikbaar.
Verdere inligting kontak asb
bemarking@louisleipoldt.co.za

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

ATKV REDENAARSTEMAS 2019:
Gr 1-3: maniere, droom, jok.
Gr 4-5: spaar, kuns, frons.
Gr 6-7: vrees, dink, dans.

SLAMPAMPER DRAMA 2019:
Leerders wat belangstel om aan te sluit by Slampamper drama moet registrasievorms by Me Snyman gaan haal. Ook leerders wat in 2018 drama geneem het. Slegs plek vir 'n beperkte aantal leerders. Registrasie sluit einde November.

MUSIEKBLYSPEL DVD BESTELLINGS:
Eerste bestelllings 19 Oktober bestel. U is welkom om nog te bestel. Aflewering binne 2 weke.
Stuur asb bewys van betaling (EFT) of kontant na die finansiekantoor - debiteure@louisleipoldt.co.za.
Bankbesonderhede: ABSA Lyttelton – Tjekrek
Rek no: 600510118 Takkode: 632005

MERIETE FUNKSIE - AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND:
Slegs **provinsiale en nasionale prestasies** sal erkenning geniet. Erkenning kan nie gegee word aan afrigtingskole se eie interne funksies en eksamens nie. Leerders wat provinsiale en nasionale prestasies behaal het mag die kleure/sweetpakke/baadjies op 'n Vrydag skooltoe dra.

SA & PROVINSIALE KLEURE:
Alle leerders wat SA- of provinsiale kleure in enige sport verwerf het word Dinsdag 30 Oktober afgeneem. Kom asb met klere skooltoe. Klere kan vir die dag gedra word. Sien asb lys op webblad en kommunikeerder. Kontroleer asb leerders se name en prestasies.

VERF VAN FEESMUUR:
Registreer asb teen 31 Oktober by bemarking@louisleipoldt.co.za.
Almal welkom, bring asb eie verfkwas en leë plastiekbakkie.
Sien asb verdere besonderhede op webblad – www.louisleipoldt.co.za

BROODJIE HULP:
Dringend opsoek na mammas wat kan help broodjies maak vir 'n pouse. Kontak Me A Geldenhuys vir navrae.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER